95/92

Saaknommer 516/90
/al

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak van:

WILLIAM XABA — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: Hefer, AR, Kriegler et Harms, Wnd. ARR

DATUM VAN VERHOOR: 22 Mei 1992

DATUM VAN UITSPRAAK: 27 Mei 1992

---

U I T S P R A A K

---

KRIEGLER Wnd. AR/......

**KRIEGLER Wnd. AR:**

Appellant is in die Streekhof skuldig bevind aan verkragting. 'n Appèl teen skuldigbevinding het in die Provinsiale Afdeling misluk en word nou, met verlof van laasgenoemde hof, hernu.

'n Breedvoerige feiterelaas is onnodig. Appellant, 'n middeljarige predikant, woon met sy gesin in 'n Swart woonbuurt by Kroonstad. Die klaagster woon met haar ouers daar naby. Hulle is lede van die appellant se gemeente. Volgens die klaagster het appellant haar by vier afsonderlike geleenthede by sy huis verkrag, naamlik op Woensdag 12 April 1989 en die daaropvolgende Vrydag, Saterdag en Sondag. Die Woensdag en Sondag sou omgang in appellant se slaapkamer plaasgevind en die ander twee dae in 'n buitetoilet op die perseel. By iedere geleentheid het hy haar met 'n dolk tot oorgawe gedwing en met die dood gedreig as sy agterna iemand sou vertel. Daarom het sy ná die eerste verkragting drie maal weer na sy huis gegaan en die

gebeure diggehou totdat sy Vrydagaand 21 April 1989 by die plaaslike munisipale polisiekantoor aangesê is om die gebeure te openbaar. Dit blyk egter ook uit klaagster se weergawe dat appellant haar na elke verkragting 'n fooitjie van 50 sent of R1,00 gegee het. Appellant se weergawe was 'n algehele ontkenning. Hy ken wel die klaagster en haar gesin en sy vrou het by geleentheid aalmoese aan klaagster gegee. Hy was nooit alleen met haar in sy huis of buitetoilet nie.

Daar was dus twee wedersyds onbestaanbare relase. Die verhoorhof aanvaar die klaagster se weergawe en verwerp die van appellant sonder inagneming van die geykte versigtigheidsreëls by sake soos die onderhawige. Die aanvaarding geskied vanweë die getuienis van twee buurvrouens en geneeskundige getuienis wat as stawing van klaagster se weergawe beskou word. Ofskoon die hof a quo die verhoorhof se veronagsaming van die versigtigheidsreëls kritiseer, word aan die hand van die waargenome stawing tot dieselfde slotsom geraak.

By ontleding blyk dit egter dat daar gefouteer is. Daar was inderwaarheid geen stawing - of selfs 'n mate van bevestiging - van die klaagster se getuienis nie. Ook was haar getuienis en die van appellant nie sodanig dat eersgenoemde aanvaar en laasgenoemde verwerp kon word nie.

Ten eerste die vermeende stawing deur die buurvrouens. Die klagstaat het dit appellant ten laste gelê dat hy die klaagster "gedurende periode 12 - 16 April 1989" sou verkrag het. Toe die voorsittende streeklanddros by die aanvang van die verhoor vra of die verkragting "nou oor 'n tydperk gebeur het", antwoord die aanklaer: "Ja. Skynbaar, die klaagster sal dit nou opklaar." Hy gee te kenne dat daar meerdere insidente sou gewees het, meld egter nie hoeveel nie en voeg by: "Ja ons het dit net een gemaak op hierdie stadium." Die klaagster is ook in die klagstaat beskryf as 'n 12-jarige meisie terwyl sy inderwaarheid ten tyde maar 11 jaar en agt maande oud was. Die klagstaat vervolg dan met die

gebruiklike bewerings by 'n aanklag van verkragting, in besonder dat geslagtelike omgang teen die klaagster se wil sou geskied het. Die vaagheid betreffende datum(s) het die verrigtinge in beide howe benede vertroebel; so ook die feit dat die klaagster vanweë haar ouderdom regtens nie tot geslagtelike omgang kon toestem nie. Bygevolg het beginselsuiwere ontleding van die deugde van die staatsaak uitgebly.

Volgens die klaagster het appellant haar by vier afsonderlike geleenthede verkrag. Sy is ten aansien van tyd, plek, dag en datum pertinent en konsekwent. Iedere insident sou plaasgevind het in die vroeë namiddag op appellant se woonperseel. Sy getuig spesifiek dat die eerste voorval plaasgevind het op Woensdag 12 April 1989 en die laaste op Sondag 16 April 1989. Daarna, so getuig sy met beslistheid, het geen verdere voorval tussen haar en appellant plaasgevind nie. Volgens die twee buurvrouens het hulle egter op Maandag 17 April 1989 vir klaagster en appellant in

agterdogwekkende omstandighede opgelet. Volgens die twee dames het hulle vroeg die betrokke Maandagmiddag gesien hoe klaagster gevolg deur appellant die buitetoilet op appellant se perseel binnegaan en 'n rukkie later in dieselfde volgorde daar uitkom. Sodanige getuienis staaf egter nie klaagster se relaas nie. Haar pertinente getuienis dat sy ná die voorval op Sondagmiddag 16 April 1989 nie weer met appellant in aanraking was nie, bots immers met die ewe pertinente getuienis van die twee buurvrouens van 'n voorval op Maandag 17 April 1989. Dit is wel moontlik dat óf die klaagster óf die buurvrouens aangaande dag en datum fouteer. Maar al word sodanige vergissing aan die een-of anderkant argumentshalwe aanvaar, val dit steeds moeilik te begryp hoe die buurvrouens se waarnemings op 'n dag wat pertinent deur klaagster ontken word as stawing van laasgenoemde se getuienis beskou kan word. Welke voorval waarvan klaagster getuig word gestaaf? Sy meld immers vier insidente waarvan twee (op die Vrydag en op die Saterdag)

in die toilet sou afgespeel het. Staaf die buurvrouens die Vrydag-voorval dan wel dié op die Saterdag? Die antwoord moet in die lug bly. Daaruit volg dit noodwendig dat daar nie gesê kan word dat enigeen van die twee toiletvoorvalle waarvan klaagster getuig deur die buurvrouens se waarneming gestaaf is nie.

Daar is ook in beide howe benede kennis geneem van en gesteun op die inhoud van 'n geskrewe verslag wat geheet het betrekking te hê op die klaagster se toestand by 'n geneeskundige ondersoek sowat 'n week na die gewraakte gebeure. Blykens die dokument - onbeëdig - gee die ondertekenaar daarvan nie te kenne of hy 'n distriksgeneesheer dan wel 'n geneeskundige amptenaar of geneeskundige praktisyn is nie. Bowendien is daar in die oorkonde geen aanduiding te vind dat die dokument ingevolge of artikel 212(4) of artikel 220 van die Strafproseswet 1977 ingedien is nie. Al aanduiding van hoe die stuk vorendag gekom het, is die volgende lakoniese aankondiging deur die aanklaer na afsluiting

van die klaagster se getuienis: "Ek handig 'n verslag in van dokter Peters wie die klaagster ondersoek het." Aangesien die dokument op geen waarneembare basis toelaatbaar was nie, kan daar nie op die inhoud daarvan gelet word nie.

Dit laat dan die alleenstaande getuienis van die klaagster. As daar bloot gekyk word na die toestemmingsvraag val haar onbetroubaarheid op. Toe haar werklike ouderdom aan die lig kom, het die verhoorhof geen ag meer geslaan op haar getuienis aangaande gebrek aan toestemming nie. Die hof a quo het dieselfde gedagtetrant gevolg. Dit was 'n mistasting. Weliswaar word die klaagster vanweë haar ouderdom onweerlegbaar vermoed nie te kon toestem tot geslagsomgang nie. Maar haar getuienis as sou sy onder bedreiging met 'n dolk tot oorgawe en stilswye gedwing gewees het, bly van wesenlike belang by die beoordeling van haar geloofwaardigheid. Die appellant se verweer dat hy hoegenaamd niks met die klaagster te make gehad het

nie, noop 'n evaluering van haar hele weergawe. Die blote vorm van die klagstaat het uit die staanspoor 'n bedenking by die verhoorhof laat ontstaan. Vier afsonderlike verkragtings oor 'n tydperk van vyf dae is immers eienaardig. In die samehang van die onderhawige saak is dit tewens hoogs onwaarskynlik. Volgens die klaagster het sy ná die eerste verkragting by drie verdere geleenthede helder oordag na die appellant se woonperseel gegaan waar sy toe weer met 'n dolk gedreig en tot onwillige geslagtelike omgang gedwing is. Na die voorval op die Sondag gaan sy egter, die doodsdreigemente ten spyt, nie weer terug nie. Sy rapporteer geeneen van die voorvalle aan enigiemand nie totdat sy die Vrydagaand in die munisipale polisiestasie gekonfronteer word. Haar moeder merk nie dat daar iets skort nie en klaagster self getuig van geen nagevolge van die vier verkragtings nie. Les bes vertel sy dat appellant haar ná iedere geleentheid 'n fooitjie van 50

sent of R1,00 laat toekom het. Dit is inherent so 'n bisarre verhaal dat dit nouliks aanvaar kan word.

As sy dan ten aansien van toestemming ongeloofwaardig is, waar lê die grens tussen haar geloofwaardigheid en haar ongeloofwaardigheid? In die afwesigheid van enige bevestiging van die waarheid van die klaagster se verhaal en die onwaarheid van die appellant se ontkenning, kan die grens nie getrek word nie. Die klaagster se inherent onaanvaarbare weergawe staan alleen teenoor die appellant se redelikerwys aanvaarbare ontkenning. Bowendien getuig die klaagster, haar moeder en 'n munisipale polisiebeampte dat die klaagster die daaropvolgende Vrydag by laasgenoemde se kantoor haar relaas van appellant se doenighede verstrek het. Volgens klaagster het sy van vier insidente vertel. Haar moeder en die polisiebeampte het dit egter dat sy slegs drie voorvalle genoem het. Dit is onwaarskynlik dat die klaagster so kort na die gebeure 'n voorval sou vergeet het. Noodwendig moet dan

afgelei word dat sy by die verhoor 'n voorval bygedig het. Welke een kan nie bepaal word nie. As daar nie bepaal kan word watter een sy bygedig het nie moet iedereen betwyfel word.

Die appèl word gehandhaaf. Die skuldigbevinding en vonnis word ter syde gestel.

J C KRIEGLER

Wnd. Appèlregter

Hefer AR ]

] STEM SAAM

Harms Wnd AR ]